

DEUR PROF. H.B. THOM
OUD-PROFESSOR IN GESKIEDENIS,
EN TANS
VOORSITTER, ADVISERENDE RAAD OP UNIVERSITEITE

Die titel van hierdie artikel mag vreemd klink: Boodskappe van die Geskiedenis. Ons is gewoond aan boodskappe van 'n persoon of 'n instansie: die een of ander belangrike persoon ('n minister, predikant, skoolhoof) of die een of ander instansie ('n stadsraad, universiteit, gemeente) stuur 'n boodskap met goeie wense, verstandige raadgewing of besielende aansporing.

Maar die Geskiedenis! Watter boodskappe kan die Geskiedenis vir ons gee? Wat kan die Geskiedenis vir ons sê?

Die antwoord is eenvoudig: Niemand - en niks - is so welsprekend, so oortuigend, so aangrypend soos die Geskiedenis nie, die Algemene Geskiedenis maar veral die Vaderlandse Geskiedenis.

As ons maar net wil luister! As ons maar net 'n bietjie ernstig ons verlede wil bestudeer, wil bespreek en wil belewe, dan sal ons die boodskappe verstaan, en sal dit in die lewe van elkeen van ons en van ons hele volk goeie vrugte dra.

Laat ons na enkele voorbeelde kyk. 6 April 1652, Jan van Riebeeck kom in Tafelbaai aan. Waarvan spreek hierdie gebeure? Het Van Riebeeck net 'n verversingspos kom stig om siek en sterwende matrose se lewens te red? Wie só dink, verstaan nie die boodskap van die Geskiedenis nie.

Jan van Riebeeck se koms na die Kaap beteken die vestiging van die blanke beskawing in 'n wilde land, waar barbarisme tot dan toe

hoogty gevier het. Te midde van groot gevare - dog met byna bomenslike inspanning - het die eerste boere in ons land begin ploeg en saai en plant en hulle vee laat wei, om die opbrengs van ons land se bodem vir die voeding van ons land se mense beskikbaar te stel. En daarmee saam het hulle die Heilige Skrif gebring, om die grondslag en besieling van hulle eie lewens suiwer te hou, en om die Skrif in ooreenstemming met die Goddelike sendingbevel te gee aan die primitiewe mense van die land, vir wie die groot heilswaarhede tot dan toe volkome onbekend was.

Dit is die boodskap van daardie geskiedkundige dag, 6 April 1652: Die Wes-Europese, Christelike beskawing, met die Woord van die Here, word in die Suide van die groot Donker Kontinent gevestig; dit was die voorreg van ons vroeë voorouers om hierdie taak te verrig; dit is ons plig om die erfenis te beveilig.

Nog 'n voorbeeld: 7 Desember 1838, die Wenkommando by Danskraal in Natal. Was dit maar net nogeens 'n verposing in die veldtog van Andries Pretorius en sy kommando; maar nogeens 'n biduur waar Sarel Cilliers voorgegaan het? Ons weet dat dit veel meer was.

Andries Pretorius het opgetrek teen Dingaan, om hom tot verantwoording te roep vanweë die moord op Retief en tientalle ander Voortrekkers, en om die veiligheid van lydende Trekkers in Natal te verseker. Die kommando was maar 'n klein klompie, teenoor die duisende van Dingaan; in eie krag het hulle niks teen die oormag vermag nie.

Maar hulle veldtog was vir hulle 'n kruistog, 'n gewyde onderneming, wat hulle nooit kon hoop om sonder die seën van die Here met welslae te volvoer nie. Daarom lê hulle die bekende, plegtige

geloofte af: Hier staan ons voor n heilige God van hemel en aarde om n gelofte aan Hom te doen dat, as hy ons vand in ons hand sal gee, ons dié dag en datum elke jaar as n dankdag soos n Sabbat tot Sy eer sal deurbring

Hulle was in die uur van die nood, tot die dood toe, maar as gelowige mense het hulle onwankelbare Godsvertroue gehad en geen vrees geken nie.

Die Geskiedenis sê vir ons dat dit nie maar net nog n kommando was nie, nie maar net n gewone biduur nie; intendeel, dit was n ware keerpunt in die lotgevalle van die blankes en die Christendom in Suidelike Afrika. Die boodskap is duidelik: "Julle is nie maar toevallig in Suid-Afrika nie; besef dit in nederigheid en ootmoed, en doen dan vreesloos julle Christelike plig.

n Derde voorbeeld: 7 Desember 1912, genl. Hertzog by De Wildt in Transvaal. Het hy hier maar net nogeens n politieke vergadering gehou, maar net nogeens n toespraak gelewer, soos hy so dikwels gedoen het? Die Geskiedenis sê vir ons anders.

Daar was internasionale beroering in Europa; in ons eie land was die Unie van Suid-Afrika nog maar twee jaar oud; en die vraag het ontstaan watter houding die Unie sou inneem ingeval Suid-Afrikaanse belange en Britse belange nie in ooreenstemming met mekaar is nie. Dit was n baie dringende vraag, want in Groot-Brittanje - en in hoë mate selfs in Suid-Afrika - was die opvatting destyds dat kolonies geroepe is om die welsyn van hulle "moederland" te dien.

Dit was onder hierdie omstandighede dat genl. Hertzog by De Wildt onomwonde standpunt ingeneem het, met sy gevleuelde wekroep: Suid-Afrika Eerste! Hy was hier die draer van die boodskap

van die Geskiedenis: dat h mens jou eie land, jou vaderland, voorop moet stel.

Dit was h boodskap wat nuwe koers aan Suid-Afrika, met name aan die Afrikaner, gegee het, en wat ook in ander dele van die wêreld weerklank gevind het. Want ook in Indië, Kanada, Australië en Nieu-Seeland is die boodskap gehoor; en hierdie lande het in mindere of meerdere mate dieselfde rigting opgegaan. Trouens, die Britse Parlement het in werklikheid self die waarheid van die boodskap erken: hy het in 1931 h wet gemaak (die Statuut van Westminster), wat neerlê dat, as h wet van h selfregerende Britse Statebondsland strydig bevind word met h wet van Brittanje, dan sal in daardie Statebondsland sy eie wet geldig wees, en nie dié van Brittanje nie.

Dit is maar net h paar voorbeelde. h Mens sou tal van ander kon noem. Maar dit is reeds genoeg om die waarheid te illustreer, waarmee ons hier te doen het. Elke treffende moment uit die Geskiedenis dra h boodskap wat vir ons lering bring; elke treffende moment uit ons vaderlandse geskiedenis dra h boodskap wat ons ons eie land en mense beter leer begryp, en ons in staat stel om die ware betekenis van ons eie bestaan te sien.

Maar dan moet ons met egte belangstelling na die Geskiedenis kyk; dan moet ons oë, ons ore en bowenal ons harte oop wees wanneer ons daaroor lees of praat of skryf. Want dit sal nie sommer vanself kom nie; ons sal moet werk en studeer, en dan sal die rykdom en wysheid van die verlede vir ons oopgaan.

"Die Geschichte zeigt den Sinn", só het my ou professor in Berlyn geskryf - "Die Geskiedenis wys die betekenis". Dit is maar h ander manier om te sê: Die Geskiedenis het sy boodskap.